

KORT OPSOMMING VAN DIE INLEIDENDE GEDAGTES UITGESPREEK TYDENS DIE VERGADERING VAN DIE FEDERALE RAAD EN DIE HOOFBESTUUR VAN DIE TRANSVAALSE AFDELING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA OP VEREENIGING (IN DIE SAAL VAN DIE HOËRSKOOLO DRIERIVIERE) OP 15 SEPTEMBER 1973

Die beginpunt van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika was die vergaderings van geskiedenisonderwysers(-esse) op twee Saterdag in 1954 in die saal van die Hoërskool Voortrekker op Boksburg. By elke geleentheid was daar ongeveer vierhonderd skoolmeesters en belangstellendes bymekaar.

Toesprake oor die toestand van die onderrig van Geskiedenis in die laer- sowel as die hoërskool en onderwyskolleges is deur vooraanstaande opvoedkundiges en historici gelewer. Die destydse Direkteur van Onderwys, dr. A. H. du P. van Wyk, het die aanwesiges toegespreek. Verskeie professore, inspekteurs van onderwys, en onderwysers het referate gelewer.

Al die sprekers het dit o.a. onomwonde beklemtoon dat die metodiek van onderrig van die vak aandag moet geniet en dat pogings aangewend moet word om belangstelling in die vak by sowel leerlinge as die algemene publiek en die ouers aan te wakker. Dit het o.a. aan die lig gekom dat die persentasie leerlinge wat Geskiedenis vir die matriek- en st. 10-eksamens aanbied, elke jaar geleidelik daal en dat daar etlike hoërskole in Transvaal teëgekome is waar die leerlinge nie toegelaat is om Geskiedenis as eksamenvak in standerds sewe tot tien te neem nie. Dit was 'n verpligte vak net tot by st. 6.

Na die Boksburgse byeenkoms het proff. A. N. Pelzer, F. J. du T. Spies, dr. T. S. van Rooyen van die Universiteit van Pretoria en ondergetekende in 'n tuin onder 'n doringboom in Menlopark (Pretoria) byeengekome en oor die byeenkomste op Boksburg gesels en planne beraam wat verder in belang van Geskiedenis gedoen kon word.

Daar is o.a. besluit dat 'n opvolgvergadering in Pretoria gehou moes word. Kort daarna het die vergadering van etlike honderde onderwysers(-esse) en belangstellendes in die Pretoriussaal in die stadsaalgeboukompleks in die hoofstad plaasgevind. Nie net persone van Pretoria het dit bygewoon nie, maar ook van die Witwatersrand en ander dele van Transvaal. Dit was 'n groot byeenkoms en die geesdrif in belang van Geskiedenis het nog hoog geloop. Dit was die jaar 1955.

Op die vergadering is 'n bestuur uit die gehoor gekies. Daar is ook opdrag gegee dat 'n grondwet vir 'n vaste organisasie in belang van Geskiedenis opgestel moet word en dat die samewerking van belangstellendes in die ander provinsies en Suidwes-Afrika verkry moes word.

Die bestuur het begin optree. Die tydskrif *Historia* het verskyn en later ook *Historia Junior*. Konferensies is gehou om kennis van en belangstelling in Geskiedenis te bevorder. Die byeenkomste is in Transvaal gehou, maar ook in elkeen van die ander provinsies. Verteen-

woordigers uit die ander provinsies en ook uit Suidwes-Afrika het die vergaderings van die eerste verkose hoofbestuur bygewoon.

Die patroon van optrede het ontwikkel soos dit vandag nog voortgesit word, nl. om die hoofbestuursvergaderings in Pretoria te hou. Dit word afgewissel met byeenkomste op ander dorpe waar 'n spreker optree en items van historiese aard soos tablo's, sang- en praatkore en ook uitstallings van oudhede georganiseer word. Dergelike byeenkomste is o.a. gehou in Pretoria, Johannesburg, Heidelberg (Tvl.), Vereeniging, Potchefstroom, Klerksdorp, Krugersdorp, Roodepoort, Rustenburg, Pietersburg, Alberton en Springs. Op sommige plekke is meer as een keer vergader. Die Federale Raad het ook in Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Durban en Pietermaritzburg vergader.

Sedert sy ontstaan het die Historiese Genootskap van Suid-Afrika op verskillende terreine van die samelewing diep spore getrap. Die Federale Raad en die Provinsiale Hoofbesture het nie alleen self begin werk nie, maar dit het in samewerking met ander kultuurliggame en belangstellende instansies opgetree, en ook optrede geïnisieer in belang van Geskiedenis en historiese aangeleenthede. In Transvaal is op verskillende plekke takke met besture gestig.

In Transvaal kan o.a. die volgende aangeleenthede vermeld word. Die destydse Direkteur en Adjunk-Direkteur van Onderwys was simpatiek en welwillend gesind teenoor Geskiedenis en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, daarom het dit moontlik geword dat Geskiedenis (vir die eksamen) tot by st. 8 'n verpligte vak geword het. Toe dit geblyk het dat Sosiale Studies in Transvaal die kennis van en belangstelling in Geskiedenis benadeel het, is dit in die sestiger jare afgeskaf en het Geskiedenis as 'n volwaardige vak in belang van die vorming van die toekomstige burgers(-esse) van die volk weer volle aandag geniet.

Na die jaarvergadering van die Historiese Genootskap op Rustenburg het daar hernieude stukrag uit die hoek van die Genootskap ontstaan wat gelei het tot die aankoop van die Krugerplaas, Boekenhoutfontein, en die restourasie van die huis van pres. Paul Kruger aldaar.

As gevolg van die invloed wat van die Historiese Genootskap uitgegaan het, is dit bekend dat etlike skole hulle jaarlikse konserte in die vorm van geskiedenisstonele, tablo's, sang- en praatkore laat plaasvind het.

Tydens verskeie jaarlikse byeenkomste van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is daar ook uitstallings van oudhede gehou en dit het reeds as inspirasie gedien vir die totstandkoming van museums in dorpe en by skole. Tydens die byeenkomste is daar ook soms besoeke by museums afgele.

Daar is positiewe gedagtes en insiggewende inligting op die jaarvergaderings uitgedra en dit het in die koerante, tydskrifte, oor die radio en in *Historia* breed uitgekring, en selfs buite die grense van ons Republiek weerklank gevind. Dit is waar t.o.v. die byeenkomste op Stellenbosch, Bloemfontein, Durban en Pretoria en selfs ook van die kleiner byeenkomste op plattelandse dorpe.

In *Historia* het daar nie net alleen artikels van hoogstaande weten-

skaplike aard verskyn nie, maar ook nuttige leesstof in belang van geskiedenisonderwysers en senior leerlinge van die hoërskool. In die agtien jaargang van *Historia* wat tot dusver verskyn het, is daar manjifieke werk in belang van Geskiedenis verrig en 'n massa kennis uitgedra. *Historia Junior* het in byna tagtig uitgawes belangrike en interessante leesstof en foto's aan die jeug verskaf.

Uit die hoek van die Historiese Genootskap is daar telkens statistiek omtrent die getal en persentasie matriekleerlinge verskaf wat Geskiedenis as eksamenvak aangebied het. Die inligting is van die verskillende onderwysdepartemente verkry en dit het in 'n mate aangetoon hoe die belangstelling in Geskiedenis as 'n eksamenvak tot by Matriek geleidelik gedaal het.

Met die nuwe nasionale beleid van differensiasie en die implementering daarvan, wêreld dit kommer t.o.v. die vak Geskiedenis as veral die volgende statistiek nagegaan word van 'n paar Transvaalse skole, hoofsaaklik aan die Wesrand. Die getalle in st. 8 verdien veral aandag as in aanmerking geneem word dat Geskiedenis tot st. 8 verlede jaar 'n verpligte vak was en dat alle leerlinge dit geneem het. Met die implementering van die beleid van differensiasie in Transvaal is dit vanjaar onmoontlik vir baie leerlinge wat die vak wou geneem het, om dit te kies as gevolg van die vak-indeling en organisasie van skole en groepe vakke.

Die totale aantal van die leerlinge in elke standerd word vermeld en die getal leerlinge wat Geskiedenis neem.

SKOOL	St. 8		St. 9		St. 10	
	Tot.	Gesk.	Tot.	Gesk.	Tot.	Gesk.
A Eng. M	100	48	60	34	54	27
B Eng. M	209	141	170	80	111	66
C. Afr.	175	147	120	34	86	24
D. Afr.	188	62	143	65	95	59
E Afr.	170	90	120	45	99	40
F. Afr.	240	128	163	47	139	41
G Afr.	138	98	84	43	72	24
H Afr.	276	143	244	78	199	70

Sommige skoolhoofde beklemtoon die feit dat die bekwaamheid en gewildheid van die geskiedenisonderwyser(es) 'n belangrike faktor is vir die leerlinge as hulle vakke kies afgesien van die koers van hulle studie.

Daar kan nog meer fasette van die aktiwiteite en prestasies van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika in elke provinsie vermeld word. Dit sal egter te veel tyd en ruimte in beslag neem. Die voorgaande hoofpunte toon o.a. aan dat die Historiese Genootskap die afgelope agtien jaar nie 'n loodbyl was nie, maar dat daar paaie in belang van Geskiedenis oopgekap is.

Daar wag nog baie take in die toekoms.

Dr. J. J. van Tonder.